basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATIONS/ NATIONAL SENIOR CERTIFICATE EXAMINATIONS

## HISTORY P1

## 2021

**MARKS: 150**

**TIME: 3 hours**

**This question paper consists of 9 pages and an addendum of 14 pages.**

*Copyright reserved*

## INSTRUCTIONS AND INFORMATION

1. This question paper consists of SECTION A and SECTION B based on the prescribed content framework in the CAPS document.

   **SECTION A: SOURCE-BASED QUESTIONS**

   QUESTION 1: THE COLD WAR: CONTAINMENT AND BRINKMANSHIP: THE CUBAN MISSILE CRISIS

   QUESTION 2: INDEPENDENT AFRICA: CASE STUDY – ANGOLA

   QUESTION 3: CIVIL SOCIETY PROTESTS FROM THE 1950s TO THE 1970s: THE BLACK POWER MOVEMENT

   **SECTION B: ESSAY QUESTIONS**

   QUESTION 4: CASE STUDY – CHINA

   QUESTION 5: INDEPENDENT AFRICA: COMPARATIVE CASE STUDY – THE CONGO AND TANZANIA

   QUESTION 6: CIVIL SOCIETY PROTESTS FROM THE 1950s TO THE 1970s: THE CIVIL RIGHTS MOVEMENT

2. SECTION A consists of THREE source-based questions. Source material that is required to answer these questions can be found in the ADDENDUM.

3. SECTION B consists of THREE essay questions.

4. Answer THREE questions as follows:

   4.1 At least ONE must be a source-based question and at least ONE must be an essay question.

   4.2 The THIRD question may be either a source-based question or an essay question.

5. You are advised to spend ONE hour per question.

6. When answering the questions, you should apply your knowledge, skills and insight.

7. You will be disadvantaged by merely rewriting the sources as answers.

8. Number the answers correctly according to the numbering system used in this question paper.

9. Write neatly and legibly.

## SECTION A: SOURCE-BASED QUESTIONS

Answer at least ONE question, but not more than TWO questions, in this section. Source material that is required to answer these questions is contained in the ADDENDUM.

### QUESTION 1: HOW DID THE UNITED STATES OF AMERICA RESPOND TO THE DEPLOYMENT OF SOVIET MISSILES TO CUBA IN 1962?

Study Sources 1A, 1B, 1C and 1D and answer the questions that follow.

1.1 Read Source 1A.

1.1.1 Why, according to the source, did the American intelligence community become suspicious about events in Cuba? (1 x 2) (2)

1.1.2 Give the TWO steps in the source that the US government took to check what was taking place in Cuba. (2 x 1) (2)

1.1.3 Quote TWO pieces of evidence in the source that suggest the Soviet Union supported Cuba militarily. (2 x 1) (2)

1.1.4 Explain what Kennedy implied by the statement, 'this country will do whatever must be done to protect its own security and that of its allies' in the context of the deployment of Soviet missiles to Cuba. (2 x 2) (4)

1.1.5 Comment on why Khrushchev continued to deploy missiles to Cuba despite Kennedy's warning. (2 x 2) (4)

1.2 Use Source 1B.

1.2.1 Explain the concept *quarantine* in the context of the Cuban Missile Crisis. (1 x 2) (2)

1.2.2 Why, according to the source, did ExComm find it necessary to put pressure on the Soviet Union to remove the missiles from Cuba? (2 x 1) (2)

1.2.3 Using the information in the source and your own knowledge, explain why Robert McNamara and President Kennedy were determined to avoid military confrontation with the Soviet Union. (2 x 2) (4)

1.3 Study Source 1C.

1.3.1 Explain the messages that are conveyed in the photograph. Use the clues in the source to support your answer. (2 x 2) (4)

1.3.2 Comment on the usefulness of this source to a historian researching the Cuban Missile Crisis. (2 x 2) (4)

1.4 Consult Source 1D.

1.4.1 How, according to the source, did Khrushchev refer to the quarantine that the USA imposed on Soviet ships? (1 x 2) (2)

1.4.2 Select TWO pieces of evidence in the source that suggest that President Khrushchev disagreed with the quarantine that the USA intended to impose. (2 x 1) (2)

1.4.3 Explain what you think Khrushchev implied by the statement, 'we will not remain mere observers of pirate actions by American ships in the open sea', in the context of the Cuban Missile Crisis. (2 x 2) (4)

1.5 Refer to Sources 1B and 1D. Explain how the information in Source 1B differs from the evidence in Source 1D regarding the USA's decision to impose a quarantine on Soviet ships entering Cuba. (2 x 2) (4)

1.6 Using the information in the relevant sources and your own knowledge, write a paragraph of about EIGHT lines (about 80 words) explaining how the United States of America (USA) responded to the deployment of Soviet missiles to Cuba in 1962. (8)

**[50]**

**QUESTION 2: HOW DID CUBA SUPPORT THE POPULAR MOVEMENT FOR THE LIBERATION OF ANGOLA (MPLA) DURING THE ANGOLAN CIVIL WAR OF 1975?**

Study Sources 2A, 2B, 2C and 2D and answer the questions that follow.

2.1 Study Source 2A.

2.1.1 Why, according to the source, did Losada want to 'enter' Angola? (1 x 2) (2)

2.1.2 State the TWO requests that the MPLA made to Cuba in May 1975, as quoted in the source. (2 x 1) (2)

2.1.3 Explain why it was necessary for the Cubans to learn about the terrain in Angola. (2 x 2) (4)

2.1.4 Comment to what extent a historian would regard this source as reliable when researching the reasons for Cuba's involvement in Angola. (2 x 2) (4)

2.2 Use Source 2B.

2.2.1 Identify, in the source, TWO aspects of the training programme that Cuba offered Neto. (2 x 1) (2)

2.2.2 Name the TWO Cuban commanders in the source that were responsible for the overall operation in Angola. (2 x 1) (2)

2.2.3 Using the information in the source and your own knowledge, explain why Cuba decided to deploy more soldiers to Cabinda in 1975. (2 x 2) (4)

2.3 Refer to Sources 2A and 2B. Explain how the evidence in Source 2B supports the information in Source 2A regarding Cuba's involvement in the Angolan Civil War. (2 x 2) (4)

2.4 Read Source 2C.

2.4.1 Explain the concept *independence* in the context of Angola. (1 x 2) (2)

2.4.2 Why, according to the source, was 'Operation Carlota' launched? (1 x 2) (2)

2.4.3 Explain why members of the special battalion 'wore summer clothes, with no military insignia and carried briefcases and regular passports'. (2 x 2) (4)

2.4.4 Identify TWO military items in the source that the special battalion stored in the cargo hold of the plane. (2 x 1) (2)

2.5 Consult Source 2D.

2.5.1 Explain why this photograph was taken. (2 x 2) (4)

2.5.2 Comment on the significance of Agostinho Neto and Fidel Castro in the background of the photograph. (2 x 2) (4)

2.6 Using the information in the relevant sources and your own knowledge, write a paragraph of about EIGHT lines (about 80 words) explaining how Cuba supported the Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA) during the Angolan Civil War of 1975. (8)
**[50]**

**QUESTION 3: WHAT ROLE DID ELAINE BROWN PLAY IN THE BLACK PANTHER PARTY DURING THE 1960s AND 1970s?**

Study Sources 3A, 3B, 3C and 3D and answer the questions that follow.

3.1 Read Source 3A.

3.1.1 What, according to the source, influenced Elaine Brown's political education? (2 x 1) (2)

3.1.2 Quote TWO roles from the source that Elaine Brown played in the Black Panther Party. (2 x 1) (2)

3.1.3 Explain why Elaine Brown's appointment as the first female member of the Black Panther Party's Central Committee was significant. (1 x 2) (2)

3.1.4 Why, according to the source, did Elaine Brown become the leader of the Black Panther Party? (1 x 2) (2)

3.2 Consult Source 3B.

3.2.1 Quote TWO sentences from the source that suggest Elaine Brown took her place in African-American history. (2 x 1) (2)

3.2.2 Explain to what extent historians would regard Elaine Brown's leadership of the Black Panther Party as 'revolutionary'. (2 x 2) (4)

3.2.3 Using the information in the source and your own knowledge, explain what Elaine Brown implied by 'I would not allow my leadership to be challenged' in the context of the Black Panther Party. (2 x 2) (4)

3.3 Use Source 3C.

3.3.1 Comment on why this photograph was taken. (2 x 2) (4)

3.3.2 Explain the significance of the raised clenched fists in the photograph. (1 x 2) (2)

3.4 Refer to Sources 3B and 3C. Explain how the information in Source 3B supports the evidence in Source 3C regarding Elaine Brown's leadership of the Black Panther Party. (2 x 2) (4)

3.5 Study Source 3D.

3.5.1 What, according to Elaine Brown, 'did it mean to be a Black Panther'? (2 x 1) (2)

3.5.2 Identify TWO members of the Black Panther Party in the source that were assassinated in Los Angeles in 1969. (2 x 1) (2)

3.5.3 Define the concept *fascism* in your own words. (1 x 2) (2)

3.5.4 Comment on what Elaine Brown implied by the statement, 'we wanted to be the vanguard (forerunner) for the emancipation (liberation) of African Americans …' (2 x 2) (4)

3.5.5 Explain the limitations of this source to a historian researching the challenges that the Black Panther Party faced in the 1960s and 1970s. (2 x 2) (4)

3.6 Using the information in the relevant sources and your own knowledge, write a paragraph of about EIGHT lines (about 80 words) explaining the role that Elaine Brown played in the Black Panther Party in the 1960s and 1970s. (8)
**[50]**

## SECTION B: ESSAY QUESTIONS

Answer at least ONE question, but NOT more than TWO questions, in this section.

Your essay should be about THREE pages long.

### QUESTION 4: CASE STUDY – CHINA

Explain to what extent Mao Zedong's policies of the Great Leap Forward and the Cultural Revolution were successful in increasing the industrial and agricultural production in the People's Republic of China between 1958 and 1969.

Support your line of argument with relevant evidence. **[50]**

### QUESTION 5: INDEPENDENT AFRICA: COMPARATIVE CASE STUDY – THE CONGO AND TANZANIA

Mobuto Sese Seko (the Congo) and Julius Nyerere (Tanzania) overcame the political and economic challenges that their respective countries faced after attaining independence from colonial rule in the 1960s.

Critically discuss this statement. Support your line of argument with relevant evidence. **[50]**

### QUESTION 6: CIVIL SOCIETY PROTESTS FROM THE 1950s TO THE 1970s: THE CIVIL RIGHTS MOVEMENT

American civil rights activists were successful in using various forms of protests to end discrimination in the United States of America in the 1960s.

Do you agree with this statement? Support your line of argument with relevant evidence. **[50]**

**TOTAL: 150**

Copyright reserved

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V1**

**2021**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

*Blaai om asseblief*

## VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN 1962 OP DIE ONTPLOOIING VAN SOWJETMISSIELE NA KUBA GEREAGEER?

### BRON 1A

Die bron hieronder verduidelik hoe die Verenigde State van Amerika (VSA) in 1962 op die Sowjetunie se ontplooing van missiele na Kuba gereageer het.

Die beweging (verplasing) van Sowjet-personeel en -toerusting na Kuba het regdeur 1962 die Amerikaanse intelligensiegemeenskap agterdogtig gemaak. In reaksie daarop het Amerikaanse skepe en vliegtuie foto's van elke Sowjetskip wat na Kuba onderweg was, begin neem en U-2-spioenasievliegtuie het begin om gereelde verkenningsvlugte oor die eiland te onderneem.

Die eerste bewyse van die aankoms van grond-tot-lugmissiele, missiele toegerus met torpedobote vir kusverdediging, en groot getalle Sowjet- militêre personeel in Kuba het in foto's uitgekom wat laat in Augustus geneem is. Hierdie foto's het egter geen bewyse van aanvals- ballistiese missiele verskaf nie. Kennedy het in September twee uitdruklike waarskuwings aan die Sowjet-premier, Nikita Khrushchev, gerig oor die opbou van sogenaamde 'aanvals'-Sowjet-wapens in Kuba.

Kennedy het op 13 September geskryf: 'Indien die kommunistiese opbou in Kuba ooit op enige wyse ons veiligheid sou bedreig of daarmee inmeng, of indien Kuba ooit 'n militêre aanvalsbasis met beduidende kapasiteit vir die Sowjetunie sou word, dan sal hierdie land doen wat ook al gedoen moet word om sy eie veiligheid en dié van sy bondgenote te beskerm.'

Ten spyte van Kennedy se waarskuwings het die Russe voortgegaan om basisse te bou en die Verenigde State het voortgegaan om hul aktiwiteite te monitor en foto's te neem. 'n Amerikaanse U-2-spioenasievliegtuig het op 14 Oktober 1962 verskeie foto's geneem terwyl dit oor Kuba gevlieg het. Hierdie foto's het onthul dat die Sowjetunie besig was om missielterreine in Kuba te bou. Dit het die aard van die spel verander en 'n reeks buitengewone gebeurtenisse aan die gang gesit.

[Uit https://www.archives.gov/publications/prologue/2002/fall/cuban-missiles.html. Toegang op 17 Februarie 2020 verkry.]

**BRON 1B**

Hierdie bron is 'n uittreksel uit 'n onderhoud wat met Robert McNamara gevoer is toe hy vanaf 1961 tot 1968 die Verenigde State se Minister van Verdediging was. Die transkripsie van die onderhoud is op 29 November 1998 gedeklassifiseer. Dit beskryf in breë trekke die besluit deur die VSA om 'n vlootkwarantyn op Kuba in te stel.

**ONDERHOUDVOERDER:** Kan jy net kortliks vir my verduidelik hoe die besluit om kwarantyn te in stel, ontstaan het? Ek is nogal geïnteresseerd om oor die gemoedsverandering of meningsverandering in die ExComm te hoor.

**ROBERT McNAMARA:** Die ExComm het eenparig besluit dat, in die belang van die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) se veiligheid, Wes-Europa se veiligheid en Amerika se veiligheid, dit nodig was om druk op die Sowjette te plaas op maniere wat tot die verwydering van die missiele sou lei. Tweedens wou ons dit doen met so min as moontlik militêre risiko; so min as moontlik militêre risiko met betrekking tot die druk self en so min as moontlik risiko van militêre reaksie nadat daardie aanvanklike stap gedoen is. Daar is geglo dat wat 'n 'kwarantyn' genoem is (wat in 'n sekere sin 'n vlootblokkade was), 'n kwarantyn genoem is omdat 'n kwarantyn minder militêre konnotasie as 'n 'blokkade' gehad het … daar is geglo dat die kwarantyn die vasberadenheid van die President om toe te sien dat daardie missiele verwyder word, aan Khrushchev sou oordra, sonder om 'n militêre reaksie aan te wakker, en dit is waarom die kwarantyn goedgekeur is.

**ONDERHOUDVOERDER:** Was daar baie besprekings oor wat gedoen sou word indien die Sowjetunie besluit het om die kwarantyn te ignoreer?

**ROBERT McNAMARA:** Ja, daar was, en dit het tot 'n paar baie venynige (onaangename) konfrontasies gelei. Daar is besluit dat ons alle moontlike pogings moes aanwend om die sink van 'n Sowjet-skip te vermy. Daar was 'n beroemde insident wat my en die hoof van vlootkrygsverrigtinge betrek het. 'n Sowjet-skip was besig om hierdie denkbeeldige kwarantynlyn te nader en die vraag was, hoe sou ons reageer indien dit die kwarantynlyn bereik? Die hoof van die vlootkrygsverrigtinge het eintlik gesê dat ons op die skip moes vuur as dit nie sou stop nie. Ek het daarop gereageer deur te sê dat daar nie sonder my persoonlike toestemming op daardie Sowjet-skip gevuur sou word nie, en dat ek dit nie sou gee sonder om die optrede met die President te bespreek nie, want ek en hy was vasbeslote om sover as moontlik militêre optrede te vermy. Soos wat ek voorgestel het, het ons nie aan kwarantyn as militêre optrede beskou nie, maar eerder as 'n middel om voorneme en vasberadenheid te kommunikeer, want die President wou daardie missiele verwyder hê met so min as moontlik militêre risiko.

[Uit https://nsarchive2.gwu.edu/coldwar/interviews/episode-10/mcnamara2.html. Toegang op 9 Januarie 2020 verkry.]

**BRON 1C**

Die foto hieronder toon 'n groep Amerikaanse vroue wat lid was van die 'Women Strike for Peace'-beweging, wat op 23 Oktober 1962 buite die Verenigde Nasies (VN) se gebou geprotesteer het. Die foto is deur Phil Stanziola geneem en het in die *World Telegram*- en *Sun*- koerante verskyn.




**President Kennedy wees versigtig**

**Vrede of sterwe**

**Laat die VN die Kubaanse krisis hanteer**

[Uit https://images.app.goo.gl/e5u154rjea2JPqEZ6. Toegang op 15 Januarie 2020 verkry.]

**BRON 1D**

Die bron hieronder is deel van 'n brief wat President N Khrushchev op 24 Oktober 1962 aan President JF Kennedy geskryf het. Dit verduidelik die Sowjetunie se reaksie op die Amerikaanse vlootkwarantyn van Sowjet-skepe wat van plan was om Kuba binne te vaar.

**Geagte mnr. die President**

... Stel jou voor, mnr. die President, wat as ons jou 'n ultimatum sou gee soos wat jy aan ons met jou optrede gegee het. … Jy, mnr. die President, verklaar nie kwarantyn nie, maar is eerder besig om 'n ultimatum uit te reik, en jy dreig dat jy geweld sal gebruik indien ons nie jou bevele gehoorsaam nie.

… Nee, mnr. die President, ek kan nie hiermee saamstem nie … Ons eerbiedig streng die beginsels van internasionale reg en handhaaf noukeurig die standaarde wat navigasie op die oop see in internasionale waters reguleer. Ons handhaaf/eerbiedig hierdie standaarde en geniet die regte wat deur alle nasies erken word.

… Ongelukkig kan mense van alle nasies, en die minste van almal die Amerikaners self, as gevolg van sulke malheid geweldig swaarkry. Sedert die ontstaan van moderne tipes wapens het die VSA hulle voormalige ontoeganklikheid (onbereikbaarheid) heeltemal verloor.

… Die Sowjet-regering beskou die skending van navigasievryheid in internasionale waters en die lugruim as 'n daad van aggressie wat die mensdom tot op die rand van 'n wêreldkernmissieloorlog kan dryf. Daarom kan die Sowjet-regering nie die kapteine van Sowjet-skepe wat na Kuba onderweg is, opdrag gee om die bevele van die Amerikaanse vlootmagte wat hierdie eiland blokkeer, te eerbiedig nie. Ons instruksies aan Sowjet-matrose is om die algemeen aanvaarde navigasiestandaarde in internasionale water streng te eerbiedig en om nie een tree daarvan af te wyk nie. En, indien die Amerikaanse kant hierdie regte sou skend (verontagsaam), moet hulle bewus wees van die verantwoordelikheid wat hulle vir hierdie daad sal dra. Wees verseker dat ons nie blote waarnemers van seerowery deur Amerikaanse skepe in die oop see sal wees nie. Ons sal dan van ons kant geforseer word om daardie maatreëls te tref wat ons as noodsaaklik en voldoende beskou om ons regte te beskerm. Vir hierdie doel het ons alles wat nodig is …

[Uit http://www.ibiblio.org/expo/soviet.exhibit/x2jfk.html. Toegang op 15 Februarie 2019 verkry.]

**VRAAG 2: HOE HET KUBA DIE POPULAR MOVEMENT FOR THE LIBERATION OF ANGOLA (MPLA) GEDURENDE DIE ANGOLESE BURGEROORLOG VAN 1975 ONDERSTEUN?**

**BRON 2A**

Hierdie bron is deel van 'n brief wat Kommandant Manuel Piñeiro Losada (Kuba se Adjunkminister van Binnelandse Sake) in Julie 1975 aan die Kubaanse Minister van die Rewolusionêre Gewapende Magte geskryf het. Dit fokus op hoe Kuba van voornemens was om die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA) te ondersteun.

Ons bespreek nou al vir 'n geruime tyd die moontlikheid om Angola binne te gaan met die doel om die rewolusionêre bewegings in daardie land te leer ken. Hierdie bewegings was 'n geheim, selfs vir daardie sosialistiese lande wat aansienlike bystand (hulp) aan hulle verleen het. Ek beskou dit nie as noodsaaklik om die strategiese belangrikheid van hierdie lande te verduidelik nie.

Ons kamerade in die MPLA het in Mei die volgende van ons versoek:

- Dat ons 10 mans in Kuba in guerrilla-oorlogvoering oplei, met inagneming van die positiewe ervarings wat hulle gehad het met mense wat in Kuba opgelei is (hulle is die leiers van verskillende guerrilla-magte).
- Dat ons 'n bemanning stuur om 'n DC-3 (vliegtuig) vanaf Zambië of die Kongo na Angola te vlieg wat toerusting vir die guerrilla-magte sal vervoer. Hulle het verduidelik dat as gevolg van die groot afstande tussen die Noordelike Front en die grense met Zambië en die Kongo, dit uiters moeilik is om die voorraad oor land vol te hou en dat dit vanaf daardie front is waar hulle kontakte het en aktiwiteite in die hoofstad Luanda beplan wat militêr en polities belangrik is
- Hulle wil 'n hoëvlak-afvaardiging na Kuba stuur om betrekkinge met ons Party te bespreek.

Ons het voorgestel dat dit 'n goeie idee sou wees om van ons kamerade na die binneland van Angola te stuur om die terrein (landskap) te leer ken en om 'n film te maak, waartoe hulle ingestem het en hulle het voorgestel dat hulle versoeke uitgestel word totdat ons afvaardiging sou terugkeer. Die afvaardiging sal deur 150 troepe onder die leiding van een van die bevelvoerders wat in Kuba opgelei is, beskerm word …

Kommandant Manuel Piñeiro Losada
Adjunkminister van Binnelandse Sake

[Uit https://narchives2.gwu.edu/NSAEBB/NSAEBB67.
Toegang op 8 Januarie 2020 verkry.]

**BRON 2B**

Die bron hieronder is geneem uit *Conflicting Missions – Havana, Washington, Pretoria* deur P Gleijeses. Dit verduidelik die militêre ondersteuning wat Kuba in 1975 aan die MPLA verskaf het.

Nadat 'n reeks vergaderings met Agostinho Neto, die leier van die MPLA, gehou is, het die hoof van die Kubaanse kontingent (groep), Brigadier-generaal Raul Diaz Argüelles, en sy span planne opgetrek vir die implementering van 'n Kubaanse opleidingsprogram wat aan al Neto se vereistes sou voldoen. Die opleidingsprogram, soos voorgestel deur Argüelles, het 480 Kubaanse deskundiges ingesluit asook die daarstelling van vier kampe in Angola wat in Cabinda, Salazar (N'Dalatando), Benguela en Henrique de Carvalho (Saurimo) geleë sou wees. Die Kubane sou oor die volgende ses maande 4 800 MPLA-rekrute tot 16 infanterie-(voetsoldate)-bataljonne oplei en 25 mortierbatterye sowel as verskeie lugafweereenhede verskaf.

'n Verkenningsparty van hierdie Kubaanse Militêre Missie in Angola (Misión Militar Cubana en Angola – MMCA), onder bevel van Argüelles, het op 21 Augustus 1975 in Luanda aangekom. Argüelles sou direk rapporteer aan die Eerste Adjunkminister van die Cuban Revolutionary Armed Forces (FAR), Generaal Abelardo Colomé Ibarra, wat in algehele beheer van die operasie was.

Volgens die oorspronklike plan sou 191 Kubane na die kamp in die Cabinda-enklawe (ingeslote grondgebied) onder die bevel van Generaal Ramón Espinosa Martín, gestuur word. Die oorblywende 270 sou gelyk verdeel word onder die oorblywende drie kampe. Die rede vir die relatiewe groot kontingent Kubaanse soldate wat na Cabinda ontplooi is, was hulle kwesbaarheid (blootstelling) vir 'n aanval deur die FNLA en sy Zaïrese bondgenote.

Die eerste 70 Kubane van die Cabinda-kontingent (afvaardiging) het op 30 September 1975 vanaf Havana via Barbados en Bissau na Brazzaville gevlieg waar hulle na 'n Kongolese Antonov-vliegtuig oorgeplaas is vir 'n kort vlug na Pointe-Noire en hulle reis na Cabinda padlangs voltooi het. Die Kubaanse weermag het op Afrika-bodem aangekom en dit sou nie lank neem voordat hulle met die SAW en sy bondgenote, die FNLA en UNITA, swaarde sou kruis nie.

[Uit *Conflicting Missions – Havana, Washington, Pretoria* deur P Gleijeses]

**BRON 2C**

Die bron hieronder beskryf in breë trekke hoe Kuba in 1975 sy eerste groep soldate na Angola ontplooi het. Dit is deur 'n Colombiaanse skrywer, Gabriel Garcia Marquez, geskryf en het op 12 Januarie 1977 in *The Washington Post* verskyn.

Op 7 November 1975, op die vooraand van Angola se onafhanklikheid van Portugal, het Kuba 'n grootskaalse militêre ingryping, Operasie Carlota, van stapel gestuur om die MPLA te ondersteun. Hul missie was om die aanvallers terug te hou sodat die Angolese hoofstad nie in die hande van die vyand sou val voordat die Portugese onttrek het nie, en om dan die weerstand vol te hou totdat versterkings opdaag. Operasie Carlotta het begin met die stuur van 'n versterkte bataljon van spesiale magte, bestaande uit 650 lede. Hulle is oor 'n tydperk van 13 dae ingevlieg uit die militêre afdeling van die Jose Marti Lughawe in Havana na die lughawe in Luanda wat steeds deur Portugese troepe beset is.

Die eerste kontingent (groep) het om 16:00 op 7 November op 'n spesiale vlug van Cubana de Aviacion vertrek, op een van die legendariese Bristol Britannia 318-vliegtuie wat die Engelse vervaardigers opgehou vervaardig het en die res van die wêreld opgehou gebruik het.

Die passasiers was almal in somersklere, sonder militêre kentekens (wapens), geklee en het aktetasse en gewone paspoorte met hul regte name en identifikasie gedra.

Die lede van die spesiale bataljon was goed opgeleide krygers met 'n hoë vlak van politieke en ideologiese vorming. Maar in hul aktetasse het hulle masjienpistole gedra en in die vragruim van die vliegtuig was daar 'n aansienlike (groot) vrag ligte artillerie, kleingewere, drie 75 mm-kanonne en drie 82 mm-mortiere in plaas van bagasie.

[Uit https://www.bajanthings.com/operation-carlotta--cuba-secret-flights-to-angola-via-barbados/. Toegang op 7 Januarie 2020 verkry.]

**BRON 2D**

Die foto hieronder is op 3 November 2015 geneem. Dit toon lede van Kuba se militêre lugeenheid wat na Angola se 40ste herdenking van Operasie Carlota uitgenooi is. Die fotograaf is onbekend.




[Uit https://repeatingislands.com/2015/11/03/cubanangola40-rethinking-the- 1975-african-cuban-war/. Toegang op 25 September 2020 verkry.]

## VRAAG 3: WATTER ROL HET ELAINE BROWN GEDURENDE DIE 1960's EN 1970's IN DIE BLACK PANTHER-PARTY GESPEEL?

### BRON 3A

Die bron hieronder is in September 1977 deur John Simkin vir *Spartacus Education* geskryf. Dit verduidelik hoe Elaine Brown 'n lid van die Black Panther-party geword het.

Elaine Brown het haar vroeë politieke opvoeding toegeskryf aan Jay Kennedy, 'n lid van die Amerikaanse Kommunistiese Party, en die klavierlesse wat sy in die somer van 1967 by die Watts-behuisingsprojek aangebied het. Haar ervaringe by Watts het as 'n sosiale en rasse-ontwaking gedien en Brown het later vir die radikale Afro-Amerikaanse koerant, *Harambee*, begin skryf. Brown se eerste direkte blootstelling aan die Black Panther-party (BPP) het deur plaaslike pleidooie (versoeke) vir die Huey Newton Legal Defence Fund gekom.

Brown het, as 'n lid van die Los Angeles-tak van die Black Panther-party, gehelp om die party se eerste Gratis Ontbyt vir Kinders-program buite Oakland, Kalifornië, te stig. Brown het teen 1971 die redakteur van die party se koerant, *The Black Panther*, geword en is spoedig as die eerste vroulike lid van die Panther Central Committee aangestel. In opdrag van Huey Newton het Brown in 1973 haar eerste poging aangewend om deel te wees van die Oakland City Council, saam met Bobby Searle se poging om burgermeester te word. Alhoewel nie Brown of Searle verkies is nie, het beide groot steun van 'n polities herleefde swart Oakland-bevolking ontvang wat tot 'n uitbreiding van die Panthers se kiesafdeling (kiesers) gelei het.

Huey Newton het in 1974 Bobby Seale, die medestigter van die Black Panther-party, uit die party ontsetel (uitgedryf) en twee dae later is Brown in die posisie van voorsitter van die Black Panther-party aangestel.

Toe Newton na Kuba gevlug het, het Brown haar posisie as leier van die mans-gedomineerde party gekonsolideer (versterk) en daaraan gewerk om die Panthers se rewolusionêre programme te herdefinieer om die aspirasies (wense) van swart vroue in te sluit.

[Uit https://www.spartacus-education.com.
Toegang op 9 September 2020 verkry.]

**BRON 3B**

Die bron hieronder fokus op Elaine Brown, voorsitter van die Black Panther-party (BPP) wat op 6 Augustus 1974 lede by 'n vergadering in Oakland, Kalifornië, toespreek het.

Elaine Brown het haar posisie as die eerste vroueleier van die Black Panther-party aanvaar. Omring deur veiligheidspersoneel op die verhoog, het sy in die gehoor van die partylede ingekyk en met twee kort (saaklike) sinne haar plek in swart Amerikaanse geskiedenis ingeneem. 'Ek het al die wapens en die geld. Ek kan 'n uitdaging van buite en van binne weerstaan,' het Brown aan die BPP-lede gesê volgens haar 1992-lewensbeskrywing, *A Taste of Power: A Black Woman's Story*. 'Ek het julle nie saamgeroep om dreigemente te maak nie, Kamerade. Ek het eenvoudig hierdie vergader belê om julle in te lig oor die realiteit van ons situasie. Die feit is dat Kameraad Huey Newton in ballingskap is. Die volgende feit is: ek neem sy plek in totdat ons dit vir hom moontlik maak om uit Kuba terug te keer.' Dit was opsigself rewolusionêr vir die Panthers om 'n vrou aan te stel om die party te lei.

Sy het gewaarsku teen 'n omverwerping (oorname) deur te sê: 'Indien jy so 'n indiwidu is, moet jy eerder hardloop en vinnig ook. Ek, as jou voorsitter, die leier van hierdie party, ek sal nie toelaat dat my leierskap uitgedaag word nie. Ek sal ons party bo- en ondergronds lei. Ek sal die party lei, nie net vir die bevordering van ons doelwitte nie, maar ook in die verdediging van die party deur enige en alle maniere moontlik.'

Elaine Brown se kragtige toespraak aan lede van die Panthers het haar goeie leierskapvaardighede getoon. Sy was nie bang om 'n ferm standpunt in te neem en om haar manlike ampsgenote uit te daag nie. Brown het as inspirasie vir die swart Amerikaanse jeug en vroue in besonder gedien …

[Uit http://www.washingtonpost.com/news/retropolis/wp/2018/01/19/i-have-all-the-guns-and-money-when-a-woman-led-the-black-panther-party/. Toegang op 17 September 2020 verkry.]

**BRON 3C**

Die foto hieronder toon hoe Elaine Brown, leier van die Black Panther-party, Huey Newton in die Verenigde State van Amerika terugverwelkom nadat hy na Kuba verban is. Die foto is op 14 Julie 1977 deur Jim Palmer vir die Associated Press (AP) op die San Diego Internasionale Lughawe geneem.




[Van http://www.washingtonpost.com/news/retropolis/wp/2018/01/19/i-have-all-the-guns-and-money-when-a-woman-led-the-black-panther-party/. Toegang op 18 September 2020 verkry.]

**BRON 3D**

Die bron hieronder is deel van 'n onderhoud wat op 14 Oktober 1988 deur Louis Massiah en Terry Rockefeller, namens die Washington University Libraries, met Elaine Brown gevoer is. Dit fokus op die uitdagings wat die Black Panther-party in die oë gestaar het

**LOUIS MASSIAH:** Wat het dit beteken om 'n Black Panther te wees? Wat was 'n Black Panther?

**ELAINE BROWN:** Wel, as 'n individu, het dit beteken dat jy jou lewe moes verbind. Ons moes iets van onsself opgee, ons lewens.

**LOUIS MASSIAH:** Hoe het daardie jaar, 1969, begin?

**ELAINE BROWN:** Wel, dit het met die sluipmoorde op John Huggins en Bunchy Carter in Los Angeles begin. En ek, ek het elke maand 'n begrafnis bygewoon. Ag, ek het 'n professionele sanger by begrafnisse geword. E Hoover, die fascistiese Direkteur van die Federale Speurdiens (FBI), het aan die begin van daardie jaar aangekondig dat dit die laaste jaar sou wees dat die Black Panther-party sou bestaan. En ons het geweet dat ons dit sou moes konfronteer. Ons het wat ons die Executive Mandate Number One genoem het, wat bepaal dat geen Panther ooit kon toelaat dat hy/sy 'n geweer verloor nie.

**LOUIS MASSIAH:** Vertel ons meer van die sterftes.

**ELAINE BROWN:** Wel, 1969 was 'n baie moeilike jaar vir almal van ons in die Black Panther-party. Maar ons het gedink dat ons onsself sou kon hanteer. Die Executive Mandate Number One, wat deur Huey Newton uitgereik is, het verklaar dat die Panthers, eerstens, altyd gewapen moes wees, of dit in die strate of tuis was, om onsself daar en dan te kon verdedig. As gevolg van ons aktiwiteite en Hoover se aandeel het ons 'n groot klomp mense verloor. Ek het elke maand in 1969 'n begrafnis bygewoon, dit was geen grap oor wat besig was om te gebeur nie. Maar ons het met ons harte geglo dat ons onsself moes verdedig. En daar was so baie wat juis dit gedoen het. En so baie het teen die einde van daardie jaar gesterf in die klopjag deur die Los Angeles Polisie se SWAT-span op die Los Angeles-kantoor, 'n vyf-en-'n-halfuur-aanval op ons kantore met tenks en semimilitêre gewere, ens. Ons het geweet dat dit ernstig was en dat ons almal sou sterf, maar dit was waaroor ons gegaan het. Ons moes die prys betaal indien ons die voorlopers vir die bevryding van die swart Amerikaners wou wees …

[Uit https://digital.wustl.edu/e/eii/eiiweb/bro5427.0311.022marc_record_interviewer_ process.html. Toegang op 19 September 2020 verkry.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Gleijeses, P. (2003) *Conflicting Missions – Havana, Washington, Pretoria* (Galago, Kaapstad)

http://www.greenleft.otg.au/contest/angola-honours-cuba-crucial-contribution-freedom-struggle

http://www.ibiblio.org/expo/soviet.exhibit/x2jfk.html

http://www.washingtonpost.com/news/retropolis/wp/2018/01/19/i-have-all-the-guns-and-money-when-a-woman-led-the-black-panther-party/

https://digital.wustl.edu/e/eii/eiiweb/bro5427.0311.022marc_record_interviewer process.html

https://narchives2.gwu.edu/NSAEBB/NSAEBB67

https://nsarchive2.gwu.edu/coldwar/interviews/episode-10/mcnamara2.html.

https://www.archives.gov/publications/prologue/2002/fall/cuban-missiles.html

https://www.bajanthings.com/operation-carlotta--cuba-secret-flights-to-angola-via-barbados

https://www.spartacus-education.com.

https://images.app.goo.gl/e5u154rjea2JPqEZ6

https://repeatingislands.com/2015/11/03/cubanangola40-rethinking-the-1975-african-cuban-war/

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V1

## 2021

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 24 bladsye.**

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

Kopiereg voorbehou 

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

  ______ •____________________
  __________•_______________• ________
  √√√√ Vlak 2

**KOMMENTAAR**
Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. 32/50
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoud-seleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte in die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole **MOET** gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie — ^
- Verkeerde stelling — ________________
- Irrelevante stelling — | | |
- Herhaling — R
- Analise — A√
- Interpretasie — I√
- Argument — LOA ↕

**2.5 Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Vraag herkenbaar in antwoord.
Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoud-seleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoud-seleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1– 6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN 1962 OP DIE ONTPLOOIING VAN SOWJETMISSIELE NA KUBA GEREAGEER?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1 ]*

- 'die beweging van Sowjet-personeel en toerusting na Kuba (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse ui Bron 1A – V1 ]*

- 'Amerikaanse skepe en vliegtuie het foto's begin neem van elke Sowjet skip wat na Kuba onderweg was
- 'U-2-spioenvliegtuie het begin om gereelde verkenningsvlugte oor die eiland te neem. (2 x 1) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse ui Bron 1A – V1 ]*

- 'die aankoms van grond-na-lug missiele in Kuba
- 'missiele toegerus met torpedo skepe'
- 'groot getalle Sowjet militêre personeel'
- 'die Russe voort gegaan om basisse te bou'
- 'die Sowjetunie besig was om missiel terreine in Kuba te bou. (enige 2 x 1) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1A – V2]*

- Die VSA sal haarself en haar bondgenote ten alle koste teen kommunistiese aggressie beskerm en
- Die VSA sou oorlog verklaar indien nodig.
- Die VSA sal die Sowjetunie nie toelaat om voort te gaan met die militêre opbou van offensiewe wapens in Kuba nie
- Die VSA het volhard in hul standpunt om die verspreiding van kommunisme na die westelike halfrond teen te staan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Om die magsbalans te herstel en om die Sowjetunie se mag tydens die Koue Oorlog ten demonstreer
- Om Kuba te beskerm/verdedig teen 'n moontlike Amerikaanse aanval
- Om die verspreiding van kommunisme na Kuba en Latyns Amerika te verseker
- Om die VSA uit te daag aangaande haar ontplooiing van missiele na Turkye en Italië
- Deel van waagmanskap (strategie)
- Om President Kennedy se vasbeslotenheid as die leier van die vry wêreld te toets
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2
1.2.1 *[Verduideliking van historiese konsep in Bron 1B -V1 ]*
- 'n Vloot Amerikaanse skepe wat na Kuba in 'n sirkelvorm ontplooi was om te verhoed dat Russiese skepe wat offensiewe wapens vervoer, Kuba binne vaar
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse ui Bron 1B – V1]*
**In die belang van:**
- 'NAVO veiligheid'
- 'Wes Europa se veiligheid'
- 'Amerika se veiligheid' (enige 2 x 1) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Die VSA wou nie 'n militêre reaksie vanaf die Sowjetunie ontlok nie want dit sou tot die dood van miljoene mense aan beide kante van die konflik lei
- Die VSA wou nie as die aggressor beskou word nie/die oorsaak van 'n moontlike kernoorlog
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3
1.3.1 *[Analise van informasie uit Bron 1C – V2]*
- Die vroue het gevoel dat die krisis die potensiaal het om beide lande te vernietig – 'Peace or Perish' 'Vrede of Sterwe'
- Die vroue het gevoel dat die Verenigde Nasie Organisasie in moes tree om die krisis op te los aangesien beide land geweier het om vir mekaar se eise in te gegee – 'UN HANDLE THE CUBAN CRISIS!' 'Laat die VN die Kubaanse krisis hanteer'
- Die vroue was bekommerd dat die Kubaanse Missielkrisis in 'n 'warm oorlog' sou ontaard
- Die vroue het gevoel dat 'PRESIDENT KENNEDY VERSIGTIG MOES WEES' omdat die kwarantyn 'n moontlike militêre reaksie van die Sowjetunie kon uitlok/ Russe kon negatief gereageer het as gevolg van Kennedy se standpunt
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Bepaling van bruikbaarheid van die bewyse in Bron 1C – V3]*
**Die bron is bruikbaar want:**
- Dit is 'n primêre bron – die foto gee eerstehandse inligting oor hoe Amerikaners oor die Kubaanse Missielkrisis gevoel het
- Die datum van die foto (23 Oktober 1962) stem ooreen met die datum van die werklike historiese gebeurtenis
- Die doel van die bron is om te wys dat die Amerikaanse publiek bekommerd was dat die Kubaanse Missielkrisis tot 'n 'warm' oorlog kon lei wat tot 'n wêreldwye ramp kon afstuur
- Dit gee 'n beter begrip oor hoe sommige van die Amerikaanse publiek gereageer het op die Kubaanse Missielkrisis.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- 'reik 'n ultimatum uit'
- 'En jy dreig dat jy geweld sal gebruik indien ons nie jou bevele gehoorsaam nie'

(enige 1 x 2) (2)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- 'Ons eerbiedig die beginsels van die internasionale reg'
- 'Ons handhaaf die standaarde wat navigasie op die oop see in internasionale waters reguleer noukeurig'
- 'Ons handhaaf/eerbiedig hierdie standaarde en geniet die regte wat deur alle nasies erken word
- 'Die Sowjet regering beskou die skending van die vryheid van navigasie in internasionale waters en lugruim as 'n daad van aggressie wat die mensdom op die rand van 'n wêreld kernoorlog kon dompel'
- '...Ongelukkig kan mense van alle nasies, en die minste van almal die Amerikaners self, as gevolg van sulke malheid geweldig swaarkry '
- die Sowjet-regering kan nie die kapteine van Sowjet-skepe wat na Kuba onderweg is, opdrag gee om die bevele van die Amerikaanse vlootmagte wat hierdie eiland blokeer, te eerbiedig nie
- 'ons nie blote waarnermers van seerowery deur Amerikaanse skepe in die ope see sal wees nie' (enige 2 x 1) (2)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*

**Die Sowjetunie het:**

- Nie die VSA se kwarantyn wat op Russiese skepe ingestel was, aanvaar nie
- Die kwarantyn as 'n onwettige daad beskou
- Gevoel dat die VSA die internasionale wet wat navigasie op die oop see reguleer, teenstaan
- Sal reageer teen Amerikaanse agressie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 1B 1D – V3]*

- Bron 1B verklaar dat die VSA 'n blokkade (kwarantyn) ingestel het omdat hulle gedink dit 'n mindere militêre konnotasie sou hê terwyl Khrushchev in Bron 1D die kwarantyn as 'n ultimatum beskou asook as 'n bedreiging om militêre mag te gebruik om die Sowjetunie te intimideer
- Bron 1B verklaar dat die kwarantyn deur Amerika ingestel was om haar vasberadenheid oor die verwydering van die missiele uit Kuba sonder om 'n oorlog te ontketen terwyl Khrushchev in Bron 1D die kwarantyn as 'n daad van aggressie teen die Sowjetunie beskou
- Bron 1B verklaar dat die VSA 'n moontlike militêre reaksie wou verhoed terwyl die Sowjetunie in Bron 1D met oorlog dreig indien die VSA hulle verhoed om Kuba binne te gaan.
- Bron 1B verklaar dat die kwarantyn 'n metode was om voorneme en vasberadenheid om die missiele uit Kuba te verwyder, oor te dra want terwyl Bron 1D die kwarantyn as 'n skending van die vryheid van navigasie in internasionale waters, beskou
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Kennedy het bekommerd geraak oor die militêre opbou van Russiese offensiewe wapens in Kuba (Bron1 A)
- Kennedy het die Sowjetunie gewaarsku dat die VSA enigiets sou doen om sy eie veiligheid en dié van sy bondgenote te beskerm (Bron 1A)
- Die VSA het fotografiese bewyse op 14 Oktober 1962 verkry van Sowjet kernmissiel terreine wat in Kuba opgerig word (Bron 1A)
- VSA spioen vliegtuie het begin om gereelde verkennings (vlugte oor die eiland te neem)
- President Kennedy het 'n kwarantyn op alle Sowjet skepe wat Kuba wou binnevaar ingestel (Bron 1B)
- Sommige ExComm lede wou hê dat die VSA militêre mag moes gebruik om die kwarantyn af te dwing (Bron 1B)
- 'n Groep Amerikaanse vroue het protes en President Kennedy gewaarsku oor hoe om te reageer teenoor die ontplooiing van Sowjet missiele na Kuba (Bron 1C)
- 'n Groep Amerikaanse vroue was ten gunste daarvan dat die VN die Kubaanse Missielkrisis vreedsaam moes oplos 'VREDE OF STERWE' (Bron 1C)
- Die VSA het DEFCON 2 (Defence Readiness Condition Level 2) afgekondig wat 'n oproep gedoen het vir die VSA se hoogste gereedheidsvlak van hul verdedigingsmagte (eie kennis)
- Die VSA het in waagmanskap betrokke geraak om wêreldvrede te verseker (eie kennis)
- Die VSA het 'n kompromis met die Sowjetunie bereik ten einde die Kubaanse Missielkrisis op te los (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die Verenigde State van Amerika op die ontplooiing van Sowjetmissiele na Kuba in die 1962 gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe die Verenigde State van Amerika op die ontplooiing van Sowjetmissiele na Kuba in die 1962 gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die Verenigde State van Amerika op die ontplooiing van Sowjetmissiele na Kuba in die 1962 gereageer het**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET KUBA DIE POPULAR MOVEMENT FOR THE LIBERATION OF ANGOLA (MPLA) GEDURENDE DIE ANGOLESE BURGEROORLOG VAN 1975 ONDERSTEUN?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'om die rewolusionêre bewegings binne daardie land te leer ken ' (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Dat ons 10 mans in Kuba met guerrilla oorlogvoering oplei'
- 'Dat ons 'n bemanning stuur om 'n DC-3 (vliegtuig) vanaf Zambië of die Kongo na Angola te vlieg om toerusting aan die guerrilla te transporteer (verskaf)'
- 'Hulle wil 'n hoe vlak delegasie na Kuba stuur om betrekkinge met ons Party te bespreek' (enige 2 x 1) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Om strategies te beplan hoe om die soldate voor te berei indien die vyand aanval
- Om die Kubaanse troepe vertroud te maak met terrein van die slagveld
- Hierdie verkenning sou die Kubaanse soldate voorberei om daarvolgens te reageer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Bepaling van betroubaarheid van Bron 2A – V3]*

**BETROUBAAR TOT 'N GROOT MATE**
- Dit is deel van 'n brief wat eerstehandse informasie van hoe Kuba die MPLA wou ondersteun, bevat
- Die brief was geskryf deur 'n hoe profiel Kubaanse regeringsamptenaar, Bevelvoerede Manuel Piñeiro Losada (Kuba se Adjunk Minister van Binneland) na die Kubaanse Minister van die Rewolusionêre Gewapende Magte
- Dit beklemtoon Kuba se voorneme om te reageer op die MPLA se versoek om militêre bystand
- Die datum Julie 1975 stem ooreen met die gebeure wat plaasgevind het in Angola
- Enige ander relevante antwoord

**BETROUBAAR TOT 'N MINDERE MATE**
- Die brief is bevooroordeeld ten opsigte van redes wat aangevoer word vir Kuba se ondersteuning aan die MPLA
- Dit is 'n kommunikasie tussen twee Kubaanse Ministers aangaande Kuba se betrokkenheid in Angola – dit is dus eensydig want dit is geskryf vanuit 'n Kubaanse perspektief
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- 'Die opleidingsprogram, soos voorgestel deur Argüelles, het 480 Kubaanse spesialiste ingesluit asook’
- ‘die daarstelling van vier kampe binne Angola wat in Cabinda, Salazar (N'Dalatando), Benguela en Henrique de Carvalho (Saurimo) geleë sou wees'
- 'Oor die volgende ses maande sou die Kubane 4 800 MPLA rekrute tot 16 infanterie (voetsoldate) bataljonne oplei, 25 mortierbatterye sowel as verskeie lugafweer eenhede voorsien' (enige 2 x 1) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- 'Generaal Abelardo Colomé Ibarra'
- 'Generaal Ramón Espinosa Martín' (2 x 1) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Cabinda was 'n provinsie in Angola wat groot minerale rykdom soos olie gehad het
- Om Cabinda teen die vyande van die MPLA soos die FNLA en Zaïrese bondgenote te beskerm
- Dit was 'n strategiese haweprovinsie wat gebruik was om onbewerkte grondstowwe vanaf Angola te vervoer en moes daarom beskerm word
- Dit was 'n toegangspunt tot die vasteland van Angola
- As gevolg van die teenwoordigheid van die SAW en sy bondgenote in Angola
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2A en Bron 2B – V3]*

- Bron 2A skets Kuba se ondersteuning met betrekking tot Angola se versoek vir militêre bystand terwyl Bron 2B 'n uiteensetting gee van hoe die Kubaanse verteenwoordiger (Argüelles) die MPLA leier (Neto) ontmoet om te besluit hoe hulle die MPLA gaan ondersteun
- Bron 2A verduidelik die drie versoeke (militêre ondersteuning) wat Angola na Kuba gerig het terwyl Bron 2B 'n Kubaanse program van militêre bystand vir implementering in Angola uiteensit
- In Bron 2A het Kuba hom verbind om 'n delegasie na Angola te stuur om die terrein te gaan bepaal terwyl Bron 2B verklaar hoe die eerste groep Kubaanse soldate in Angola via Cabinda aangekom het.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 2C – V1]*

- Angola was vry van Portugese koloniale bestuur en kon homself deur sy eie grondwet en mense regeer
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- 'om die MPLA te ondersteun'
- 'om die offensief terug te hou sodat die Angolese hoofstad nie in die hande van die vyand val voordat die Portugese onttrek het nie'
- 'om die weerstand te volhou totdat versterkings sou opdaag' (1 x 2) (2)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Om as gewone burgers gesien te word
- Hulle wou nie as Kubaanse soldate wat op 'n missie was om die MPLA in Angola by te staan, herken word nie (dit was 'n hoogs geheime operasie)
- Om hul ware identiteit as lede van die Kubaanse opgeleide mag te versteek
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.4 *[Onttrekking van bewyse ui Bron 2C – V]*
- ''n aansienlike vrag ligte artillerie'
- 'klein wapens'
- 'drie 75mm kanonne'
- 'drie 82 mm mortiere' (enige 2 x 1) (2)

2.5
2.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
**Om:**
- Om die feesviering van die 40ste herdenking van 'Operasie Carlota' uit te beeld
- Die volgehoue sterk verhouding tussen Kuba en Angola te bevestig
- Die rol wat Kuba in die geskiedenis van Angola gespeel het te beklemtoon
- Hulde te betoon aan Kuba vir die rol wat hulle gespeel het gedurende Angola se onafhanklikheid
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Agostinho Neto en Fidel Castro was leiers van Angola en Kuba onderskeidelik
- Om te bevestig dat die teenwoordigheid van die Kubaanse troepe in Angola deur albei leiers goedgekeur was
- Die twee leiers was direk verantwoordelik vir die koördinasie van 'Operasie Carlota'
- Dit demonstreer dat beide leiers in dieselfde ideologie van kommunisme geglo het en wou sien dat dit floreer veral in Afrika
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante Bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Kuba het op Angola se versoek om bystand gereageer met 'n brief wat geskryf was deur die Adjunk Minister van Binneland (Bevelvoerder Losada) na die Kubaanse Minister van Rewolusionêre Magte (Bron 2A)
- Kuba se ondersteuning aan die MPLA was om kommunisme te beskerm (eie kennis)
- Kuba het 'n verkenningspan na Angola gestuur om die terrein te gaan verken as 'n manier om die soldate voor te berei vir oorlog in Angola (Bron 2A)
- Brigadier Generaal Argüelles (van Kuba) en Neto (Angola) het vergaderings belê om 'n uiteensetting te gee van hoe Kuba die MPLA gaan ondersteun (Bron 2B)
- Kuba was betrokke in 'n opleidingsprogram wat deur beide partye ooreengestem was (Bron 2B)
- Kubaanse spesiale troepe was ingevlieg in September en het in Angola via Cabinda aangekom (Bron 2B)
- Kuba het tegniese opleiding aan die MPLA se militêre vleuel (FAPLA) verskaf (eie kennis)
- Kuba het ook die MPLA met mediese personeel en voorraad bygestaan (eie kennis)
- Kuba het 'Operasie Carlota' geloods deur 'n spesiale bataljon hoogsbekwame soldate na Angola te stuur vanaf November 1975 om die MPLA te ondersteun (Bron 2C)
- Kuba se ondersteuning aan Angola word onthou deur die jaarlikse herdenking van 'Operasie Carlota' (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe Kuba die *Popular Movement for the Liberation of Angola* (MPLA) gedurende die Angolese burgeroorlog van 1975 ondersteun het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe Kuba die *Popular Movement for the Liberation of Angola* (MPLA) gedurende die Angolese burgeroorlog van 1975 ondersteun het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe Kuba die *Popular Movement for the Liberation of Angola* (MPLA) gedurende die Angolese burgeroorlog van 1975 ondersteun het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WATTER ROL HET ELAINE BROWN GEDURENDE DIE 1960's EN 1970's IN DIE BLACK PANTHER-PARTY GESPEEL?**

3.1
3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Jay Kennedy, 'n Los Angeles-skrywer en 'n lid van die Amerikaanse Kommunistiese Party'
- 'die klavier lesse wat sy by die Watts Behuising Projek in die somer van 1967 aangebied'
- Haar ondervinding in Watts dien as sosiale en rasse-ontwaking (any 2 x 1) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'gehelp om die party se eerste Gratis Ontbyt vir Kinders programme buite Oakland, California te stig'
- 'Teen 1971 het Brown die redakteur van die party se koerant *The Black Panthe*r geword'
- Voorsitter van die Black Panther Party (any 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Dit wys dat die BPP weg beweeg het van die patriargale (manlike-gedomineerde) leierskap
- Die BPP het die rol van vroue binne die party erken deur 'n Swart Amerikaanse vrou tot die hoogste komitee aan te stel
- Dit het die stereotipe dat 'n vrou nie op die party se hoogste komitee kon dien nie, gebreek
- Die BPP het sy ondersteuning vir 'n non-seksistiese benadering tot leierskapsrolle gedemonstreer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'In 1974 het Huey Newton vir Bobby Seale, die medestigter van die Black Panther Party, uit die party ontsetel (uitgedryf) en twee dae later was Brown in die posisie van voorsitter van die Black Panther Party (BPP) angestel'(1 x 2) (2)

3.2
3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'Ek het al die wapens en die geld'
- 'Ek kan 'n uitdaging van buite en van binne weerstaan' (2 x 1) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

**Tot 'n groot mate:**
- Elaine Brown was die eerste Swart Amerikaanse vrou wat 'n senior leierskap posisie in die BPP beklee het
- Dit was ongewoon vir n' vrou om 'n leierskap posisie to beklee in 'n organisais wat met geweld geassosieer was
- Die aanstelling van 'n Swart Amerikaanse vrou tot 'n leierskapsrol was teenstrydig met die norm van 'n manlike-gedomineerde VSA
- Haar leierskap as 'n vrou het die jeug en vroue aangespoor om leierskap rolle in die gemeenskap op te neem
- Enige relevant response (2 x 2 ) (4)

**Tot 'n mindere mate:**

- Brown was aangestel en nie demokraties verkies nie
- Leierskap posisies moet nie aan vroue lidmate van 'n organisasie toegeken word nie
- Geslag moet nie 'n rol speel in die aanstelling van mense tot leierskap posisies nie
- Enige relevant antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Elaine Brown was nie deur manlike lidmate van die BBP geïntimideer nie
- Sy het nie enige afwyking van die filosofie van die BPP verdra nie
- Sy was regmatig aangestel as die voorsitter van die Black Panther Party en daarom kon sy nie deur ontevrede lede verwyder word nie
- Daar was nog steeds mans in die VSA wat vroue wat leierskapsposisies beklee het, ondermyn het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

**Om te wys dat:**

- Huey Newton nog steeds deur hoogaangeskrewe lede van die BPP soos Elaine Brown ondersteun was
- Die drie vroue / lede het die terugkeer van Huey Newton uit ballingskap van Kuba gevier
- As ‘n leier het Elaine Brown Huey Newton terug verwelkom sonder om bedreigd te voel Elaine
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Dit wys dat die BPP magtig was en enige uitdagings kon oorkom wat hulle gekonfronteer het
- Die opgehewe gebalde vuis simboliseer 'n oorwinning met die terugkeer van Huey Newton
- Verteenwoordig eenheid binne die BPP
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.4 *[Vergelyking van Bronne 3B en 3C – V3]*

- In Bron 3B spreek Elaine Brown lede as die leier van die BPP toe terwyl sy in Bron 3C die media as die leier van die BPP oor die terugkeer van Huey Newton uit ballingskap in Kuba toespreek
- In Bron 3B het Elaine Brown lede van die BPP ingelig dat Newton in ballingskap gegaan het terwyl sy hom in Bron 3C terug verwelkom vanuit ballingskap
- In Bron 3B Elaine Brown dien as inspirasie vir Swart Amerikaanse jeug en vroue terwyl in 3C word Elaine Brown gesien met ander vroue wat Huey Newton terug verwelkom uit ballinskap
- Beide Bronne (Bronne 3B en 3C) wys Elaine Brown as leier van die BPP
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- ' jy jou lewe moes verbind'
- 'Ons moes iets van onsself opgee, ons lewens' (2 x 1) (2)

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse ui Bron 3D – V1]*
- 'John Huggins'
- 'Bunchy Carter' (2 x 1) (2)

3.5.3 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 3D – V1]*
- Om outoritêr te lei deur gebruik te maak van diktatoriale magte bv. Hoover van die FBI
- Om te lei deur die onderdrukking van alle opposisie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Hulle wou Swart Amerikaners teen polisie teistering beskerm het
- Wou die bevryding van Swart Amerikaners beskerm
- Om Swart Amerikaners oor hul konstitusionele regte op te voed
- Om selfstandigheid en trots onder Swart Amerikaners te vestig
- Om die kwaliteit/gehalte van die lewens van Swart Amerikaners te verbeter deur gemeenskapsprogramme
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.5 *[Verduideliking van beperkinge van Bron 3D – V3]*
**Die Bron is beperk want:**
- Dit gee 'n eensydige/bevooroordeelde weergawe van sommige van die uitdagings waarmee die BPP gekonfronteer was
- Dit gee slegs Elaine Brown se siening van die BPP
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse van relevant bronne – V3*]
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
**Die rol van Elaine Brown:**

- Sy het gehelp om die Gratis Ontbyt vir Kinders in Oakland, California te stig (Bron 3A)
- Was redakteur van die *Black Panther* (Bron 3A)
- Sy was die eerste Swart Amerikaanse vroue lid wat as Minister van Informasie van die Panthers se Sentrale Komitee aangestel was (Bron 3A)
- Het haarself beskikbaar gestel vir die Oakland Stadsraad in 1973 (Bron 3A)
- Was die eerste Swart Amerikaanse vrou wat die Black Panther Party (BPP) gelei het (Bronne 3A en 3B)
- Het erkenning vir vroue in die Black Panther Party (BPP) gesoek (Bron 3B)
- Het 'n administratiewe rol in die BPP gespeel (eie kennis)
- Was beslissend in haar posisie in die manlike-gedomineerde Black Panther Party (BPP) (Bron 3B)
- Het die filosofie van Swartmag lewendig gehou in die afwesigheid Huey Newton wat in ballingskap was (Bron 3B)
- Was outokraties en wou nie uitgedaag word nie (Bron 3B)
- Het eenheid binne die Black Panther Party (BPP) ondersteun (Bron 3C)
- Het die BPP delegasie gelei wat Huey Newton uit ballingskap verwelkom het (Bron 3C)
- Het die Black Panther Party (BPP) se Uitvoerende Mandaat Nommer Een ondersteun (Bron 3D)
- Het 'n drukgroep vir Oakland se Swart Amerikaners gelei om permanente werkgeleenthede te kry tydens die konstruksie van die Grove Shafter Snelweg (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van die rol wat Elaine Brown in die Black Panther Party in die 1960's en 1970's gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die rol wat Elaine Brown in die Black Panther Party in die 1960's en 1970's gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die rol wat Elaine Brown in die Black Panther Party in die 1960's en 1970's gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

**(8)**
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

**SINOPSIS**

- Kandidate moet verduidelik tot watter mate Mao Zedong se beleide van die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Rewolusie suksesvol was om die industriële en landbouproduksie in die Volksrepubliek van China te verhoog tussen 1958 en 1969.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui tot watter mate die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Rewolusie suksesvol was om die industriële en landbou opbrengs in die Volksrepubliek van China te verhoog. Hulle moet hul standpunt met relevante bewyse ondersteune.

**UITBREIDING**

**Kandidate kan die volgende punte by hulle antwoord insluit:**

- Die Eerste Vyf Jaarplan en die Een Honderd Blomme Veldtog as agtergrond.

**Die Groot Sprong Vorentoe:**

**Nywerhede**

- Die hoofrede vir die Groot Sprong Vorentoe was om te verseker dat China 'n groot industriële mag word wat met die Weste en ander Europese lande kon meeding
- Om privatisering te beëindig en nasionalisering in te stel
- Instelling van agterplaas-nywerhede in kommunes
- Produksie van yster en staal het afgeneem as gevolg van 'n gebrek aan aansporing en swak werksomstandighede
- Die produksie van steenkool het drasties verminder
- Nywerheid opbrengs het gedaal
- Swak gehalte van yster, staal en ander produkte

**Landbou**

- Doel was om China te industrialiseer sodat dit die ander kapitalistiese lande kan verbysteek; om landbou produksie te verbeter soortgelyk aan die van Westerse lande
- Mao Zedong wou die spoed van landbouproduksie verhoog deur die Tweede Vyfjaarplan van 1858
- Landbou opbrengs was nie genoeg om stedelike bevolking te handhaaf nie en om die werkers wat in die nywerhede moes werk te bedien nie
- Het gefokus op die beëindiging van privatisering en die instelling van nasionalisme
- Instelling van kollektivisering van plase om 'volkskommunes' te vorm
- Kommunes veronderstel om selfversorgend te wees en om volgens staat teikens/kwotas te produseer
- Landbou teikens was nooit bereik nie
- Propaganda was gebruik om landbou en nywerheid opbrengs te verhoog

Kopiereg voorbehou 

**Mislukkings van die Groot Sprong Vorentoe:**
- Die Groot Sprong Vorentoe het misluk om sy doelwitte te bereik as gevolg van swak beplanning, swak ondersteuning aan die kleinboere, korrupte plaaslike amptenare, hoe belasting op plaas produkte
- Agterplaas nywerhede het produkte van 'n swak gehalte geproduseer wat tot die ineenstorting van daardie sektor gelei het
- Kleinboere was traag om te produseer as gevolg van die gebrek aan aanmoediging
- Die industrialisasie van China was afhanklik op ongeskoolde kleinboere in stede van moderne masjinerie
- Swak gehalte yster en staal was in agterplaas oonde geproduseer
- China beleef 'n ernstige droogte wat tot hongersnood en die dood van miljoene mense gelei het – staan bekend as die 'Bitter Drie Jare'
- Dit het daartoe gelei dat die Groot Sprong Vorentoe 'n totale mislukking was
- Mao het as President van China bedank maar sy posisie as voorsitter van die Chinese Kommunistiese Party behou
- In 1962 het hy die verantwoordelikheid van die ekonomie aan President Liu Shaoqi en CCP Sekretaris generaal Deng Xiaoping oorhandig en homself van die politieke toneel verwyder
- China se ekonomie was in 'n toestand van bankrotskap

**Die Kulturele Rewolusie:**
- Die hoofdoel was om beheer/gesag wat deur die mislukking van die Groot Sprong Vorentoe teweeggebring was, te herwin
- Mao loods die Kulturele Rewolusie in 1966 om mag te herwin
- Mao doen oproep op publiek om die land te suiwer van almal wat anti-rewolusionêr was
- Die oproep beantwoord deur studente wat hulself in die Rooi Wagte georganiseer het
- Rooi Wagte was beïnvloed deur die propaganda wat in die *Klein Rooi Boekie* vervat was
- Hulle het kleinboere opgevoed in die beginsels van kommunisme, het hulle geleer lees en skryf
- Rooi Wagte het begin om opponente van kommunisme te vervolg
- Gematigdes was geëlimineer en miljoene opponente was doodgemaak
- Kerke, moskeë en universiteite was verwoes en anti-kommunistiese kunswerke en boeke was verbrand en vernietig
- Rooi Wagte aangemoedig om Vier Oues te vernietig (Ou Idees, Ou tradisies, Ou Kultuur en Ou Gewoontes)
- Reuse betogings is in Tiananmen Square, Beijing gehou en plakkate en prente van Mao was oral opgeplak
- Deng Xiaoping end Liu Shaoqi is uit die regering verwyder
- Die Rooi Wagte het van beroepsmense en ouers wat vermoed was om anti-rewolusionêr te wees, ontslae geraak
- Industrialisasie was negatief geaffekteer en produksie het tot 'n stilstand gekom in 1968
- Mao was geforseer om die weermag in te roep om wet en orde te handhaaf
- Miljoene Chinese studente is na die landelike gebied gestuur vir her-opvoeding
- 'n Generasie van Chinese het geen formele opvoeding ontvang nie
- Mense het vertroue in die Chinese Kommunistiese Party verloor
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet krities bespreek of Mobuto Sese Seko (Kongo) en Julius Nyerere (Tanzanië) in staat was om hul politieke en ekonomiese uitdagings te oorkom wat hul onderskeie lande in die gesig gestaar het na die verkryging van onafhanklikheid vanaf koloniale bestuur in die 1960s.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

- **Inleiding:** Kandidate moet 'n standpunt in meem deur aan te dui of Mobuto Sese Seko (Kongo) en Julius Nyerere (Tanzanië) in staat was om hul politieke en ekonomiese uitdagings te oorkom wat hul onderskeie land in die gesig gestaar het na die verkryging van onafhanklikheid vanaf koloniale bestuur in die 1960s. Kandidate moet aandui hoe hulle hul argument gaan ondersteun.

**UITBREIDING**

**In die beantwoording van die vraag kan die kandidate die volgende punte by hul antwoord insluit:**

**Politieke uitdagings:**
**Die Kongo:**

- Na die verkryging van onafhanklikheid deur demokratiese verkiesings (die Kongo (1960): het J Kasavubu President en P Lumumba word Eerste Minister geword (agtergrond)
- Die periode na onafhanklikheid was gekenmerk aan geweld en politieke onrus (agtergrond)
- Die Kongo het 'n eenpartystaat binne die eerste vyf jaar van onafhanklikheid geword nadat veel-party verkiesings tydens onafhanklikheid gehou was (agtergrond)
- Mobuto Sese Seko het aan bewind gekom deur 'n militêre staatsgreep en het aangebly as 'lewenslange president' tot met sy dood in 2007
- Mobuto Sese Seko het 'n kleptokrasie geskep waar 'n groep aangestelde openbare amptenare hulle posisie misbruik het vir finansiële gewin
- Sese Seko het 'n sterk militêre gesentraliseerde regering geskep en politieke stabiliteit behaal (deur outoritarisme)
- Het 'n beleid van Afrikanisasie toegepas en buitelanders met plaaslike burgers vervang (Zaïre)
- Enige ander relevante antwoord

**Tanzanië:**

- Verkry onafhanklikheid deur demokratiese verkiesings (J Nyerere word verkies as Eerste Minister)
- Gladde oorgang – vreedsame verandering/rasse harmonie/toegewyd aan die bevordering van menslike gelykheid en waardigheid was die stempel van die nuwe leierskap
- Nadat veelparty-verkiesings gehou is na onafhanklikheid het Tanzanië 'n eenpartystaat geword
- Nyerere het die grondwet aangepas om President te word in 1962
- Nyerere aangebly as 'lewenslange President' tussen die 1960s en 1970s

- Nyerere het 'n 'Leierskapskode' bekendgestel in die Arusha Verklaring wat hoë vlakke van integriteit van publieke amptenare vereis het
- Pas die beleid van Afrikanisasie toe
- Afrika Sosialisme/Ujamaa was geïmplementeer om die lewens van Tanzaniërs te verbeter
- Stigting van die Verenigde Republiek van Tanzanië (1964)
- Nyerere skep 'n gesentraliseerde eenheidstaat
- Enige ander relevante antwoord

**Ekonomiese uitdagings**
**The Kongo:**
- Het 'n 'n eenproduk-ekonomie vanaf België geërf
- Sese Seko het grootliks op landbou- en minerale ontginning (eenproduk-ekonomie) gesteun en dit het 'n negatiewe impak op die Kongo se ekonomie gehad
- Het 'n gebrek aan 'n dinamiese vervaardigingsektor
- Het 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel aangeneem
- Zaïrenasie (vervanging van buitelanders met Zaïrese burgers) het misluk weens onervarenheid/korrupsie/wanbestuur/nalatigheid
- Die ekonomie was gekenmerk deur nepotisme en elitisme (groot gaping tussen ryk en arm)
- Genasionaliseerde grond en nywerhede het gelei tot power paaie en brûe
- Afname in die stand van die infrastruktuur
- Vergroot die gaping tussen ryk en armes
- Toepassing van Retrosessie (ommekeer van Zaïrenasie)
- Afhanklik van buitelandse hulp en beleggings van bv. Die Wêreldbank
- Enige ander relevante antwoord

**Tanzanië:**
- Het 'n een-produk ekonomie vanaf Brittanje oorgeërf
- Het 'n gebrek aan 'n dinamiese vervaardigingsektor
- Het grootliks op landbou en minerale ontginning (eenproduk ekonomie) gesteun en was nie in staat om 'n geloofwaardige vervaardigingsektor te ontwikkel nie
- Het 'n Afrika sosialistiese ekonomiese sisteem gevolg
- Arusha Verklaring (skraap uitbuiting/vermindering van inkomste gaping tussen armes en rykes/eienaarskap van die land se hulpbronne
- *Villagisation*-hervestig van mense in nuwe dorpe – (gemeenskaplike dorpies) het dienslewering verbeter/het 'n stabiele samelewing geskep wat vry van ekonomiese ongelykhede was. Kleinboere het egter geweier om die grond van hul voorvaders te verlaat en gevolglik het landbou produksie drasties gedaal
- Meeste maatskappye wat genasionaliseer was, het bankrot geword
- Uitvoere het afgeneem en armoede het drasties toegeneem
- Pogings om Tanzanië selfversorgend te maak het misluk
- Tanzanië het daarin geslaag om die gaping tussen ryk en armes te verminder
- Tanzanië teruggeval op die afhanklikheid van buitelandse hulp/lenings in die 1970s bv. Die WêreldBank.
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet aandui of hulle saamstem of verskil dat die Amerikaanse burgerregte aktiviste suksesvol was om verskillende vorme van protesaksies te gebruik om diskriminasie in die Verenigde State van Amerika te beëindig in die 1960s.

Kandidate moet hoofsaaklik voorbeelde van massa-gebaseerde, nie-gewelddadige protesaksies selekteer wat die Burgerregte Beweging onderneem het soos sitstakings, massa-betogings en optogte, tot by die aanvaarding van die Burgerregte Wet van 1964 en die Stemregwet van 1965, om hul argument te ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem saam te stem of te verskil dat die Amerikaanse burgerregte aktiviste suksesvol was om verskillende vorme van protesaksies te gebruik om diskriminasie in die Verenigde State van Amerika te beëindig in die 1960s.

**UITBREIDING**
**Indien kandidate saam met die stelling stem, kan hulle die volgende punte in hul opstel insluit:**
- **Sit-staking (vanaf 1960) –** Greensboro, Noord Carolina, vier studente het 'n sit-staking by 'n 'slegs-blankes' eetplek begin; In die somer van 1961 is besighede in Greensboro gedesegregreer; Sit-stakings versprei oor die gesegregeerde Suide; Swart en wit student het die *Student Non-violent Coordinating Committee (SNCC)* gestig om die Burgerregte Beweging te ondersteun; Sit-staking konsep versprei na ander gesegregeerde fasiliteite soos kerke, 'pray-ins', biblioteke, 'read-ins', swembaddens 'wade-ins ens.'
- **'Vryheidsryers (nie-rassig/nie-gewelddadig)**: ('Het in busse gesit en van die Noorde na die diep Suide gery om nuwe federale wette te toets wat segregasie op die nasionale busstelsel verhoed het, was deur bendes aangeval, gebombardeer, toegesluit in tronk en nie deur plaaslike polisie beskerm nie, duisende vrywillig ondersteun en President Kennedy is gedwing om federale amptenare opdrag te gee om die Vryheidsryers te beskerm; Strawwe nuwe wetgewing was deur federale bevel ingestel; Op 1 November 1961 is alle interregeringsfasiliteite amptelik gedesegregreer
**Betogings en Optogte:**
- **Birmingham Veldtog, 1963:** (Massabetogings was met gewelddadige en wrede reaksie van die polisie begroet (water kanonne, honde ens. Was gebruik om die nie-geweldadige betogers te terroriseer) President Kennedy het op nasionale TV aangekondig dat 'rasse segregasie' 'n morele kwessie' was wat geen plek in Amerikaanse lewe gehad het nie. Op 10 Mei 1963 het die stad se besighede en munisipaliteite aangekondig dat die munisipale fasiliteite gedesegregeer sou word. Aanvalle en moord op Swart Amerikaners in die stede het voortgeduur (bv. Medgar Evans, Bombardering van 16$^{th}$ Straat Baptiste Kerk)
- **Optog na Washington 28 August 1963:** (250 000 mense het deelgeneem in 'n nie-rassige, nie-geweldadige optog na Washington om op volle gelykheid en werkgeleenthede aan te dring; Martin Luther King Jnr. Lewer sy 'I have a dream toespraak')

- **Vryheidsomer (1964) –** Meer as 70 000 studente van meestal die noordelike state, plaaslike SNCC, CORE en NAACP aktiviste het saamgewerk om Swart Amerikaners in Mississippi te registreer en om te onderrig in die Vryheid Skole (Geletterdheid, geskiedenis); Aktiviste en vrywilliges was met geweld gekonfronteer deur die blanke segregasioniste bendes en polisie beamptes

- **Selma-Montgomery optogte (Maart 1965**): 'n stemreg registrasie veldtog om aan te dring dat Swart Amerikaners toegelaat moes word om te registreer om te stem (slegs 2.5% Swart Amerikaners was as kiesers geregistreer weens intimidasie en rassistiese aanvalle)
  - **Eerste Optog 7 Maart 1965** (600 betogers van Selma was wreed deur die Alabama staatstroepe aangerand en was geforseer om die optog te laat vaar in wat as 'Bloedige Sondag' bekend geword het - hierdie gebeurtenis was op nasionale televisie uitgesaai
  - **Tweede Optog 9 Maart March 1965** (1 500 betogers gelei deur Martin Luther King Jnr. was deur polisie by die Edmund Pettus Brug gekonfronteer) – King het die betogers beveel om om te draai om konfrontasie te vermy
  - **Derde Optog 21 Maart 1965** (Die optog het met omtrent 200 betogers begin maar teen 25 Maart het die getal tot omtrent 50 000 vermeerder)
  - President Johnson het die Alabama Nasionale Wagte en die Amerikaanse weermag onder federale beheer geplaas om die betogers te beskerm (Betogers het Montgomery bereik en was deur sprekers soos Martin Luther King Jnr. toegespreek)
  - President Johnson was onder druk geplaas om die 1965 Stemregwet deur te voer/ aanvaar: (dit het struikelblokke soos geletterdheidstoetse, kopbelasting vir stemreg verban. Dit het daartoe gelei dat die Burgerregte Beweging gelykheid voor die gereg verkry het)
- **Die Burgerregte Wet** was deurgevoer (**2 Julie 1964)** – dit het diskriminasie en segregasie vir indiensneming van Amerikaners en by alle publieke fasiliteite verban
- **Die Stemregwet** was deurgevoer **(6 Augustus 1965) –** dit het struikelblokke (soos geletterdheid toetse, kopbelasting) tot stemreg wat in plek gesit was om te verhoed dat Swart Amerikaners as kiesers registreer, verban; Die Burgerregte Beweging het gelykheid voor die gereg verkry
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**Indien kandidate aandui dat hulle nie saamstem nie, moet hulle hulle argument met relevante bewyse ondersteun.**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou